Raadsbesluite

Bron: SABT Raad
Datum: Januarie 2007

2007 ledegeld

Die ledegeld vir 2007 is R250,00 en is voor die einde Januarie betaalbaar. Geen diens (insluitend registrasie van honde) sal na die einde van Maart gelewer word aan lede wie se ledegeld nog uitstaande is nie.

Staking van videokeurings

Videokeurings word van 1 Januarie 2007 af gestaak omdat die proses oneindige praktiese probleme geskep het.

Boerboelskoue ingestel

Boerboelskoue word van 2007 af landwyd ingestel. Die doel van die skoue is om die openbare beeld van die ras te bevorder en om Boerboeltelers en –eienaars die geleentheid tot groter blootstelling te bied.

Raadslede sal skoue in die volgende provinsies organiseer. Wes-Kaap, Oos-Kaap, Gauteng en KwaZulu-Natal. Die Vrystaat en Noordwes-provinsies sal ‘n gesamentlike skou aanbied. Let daarop dat honde net sal mag deelneem in die provinsies waar hulle geregistreerde eienaars bly.

‘n Nasionale Boerboelskou sal aan die einde van die jaar gehou word. Die honde wat die beste in die onderskeie provinsiale skoue gevaar het, sal aan hierdie skou mag deelneem.

Nadere besonderhede sal na die AJV in Februarie beskikbaar wees.

Fokusverskuiwing van punte na honde

Die SABT is bekommerd oor die neiging onder telers en eienaars om meer waarde te heg aan die punte wat 'n hond tydens gradering kan behaal as aan sy kwaliteite in die geheel. Die Rasstandaardkomitee sal anbevelings hieroor maak.

Nuwe graderingsisteem vir heupdisplasie

Die SABT ondersteun die kennisgewing van prof R M Kirberger van die UP se Fakulteit Veeartsenykunde by Onderstepoort dat die internasionale FCI-sisteem die SA-graderingsisteem vir heupdisplasie vervang. Die SABT beveel ook aan dat telers net met honde teel waarvan die heupe as C2 of beter, gegradeer is.

Nadere besonderhede:

- New hip dysplasia grading system from 2007.
- Hip dysplasia. Proceedings in Hereditary Conditions in Dogs. Prof R M Kirberger (17 April 1999). SABT-nuusbrief 49 (2de uitgawe 2006.)

Buitengewone versoeke vir registrasie

Enige buitengewone versoeke vir registrasie sal in die toekoms net oorweeg word indien dit saam met ‘n beëdigde verklaring ingedien word.

Raadverteenwoordiging in die buiteland

Jean Minnaar (VSA) en Dolph Carstens (Europa) is eenparig as die SABT se Raadslede in die buiteland verkies. Hulle onderskeie e-posadresse is: sabt-usa@cox.net en dolphcarstens@btinternet.com.

New appointment in SABT office

Elize Brand, wat tydelik in die kantoor gehelp het, is van 1 Januarie 2007 af permanent aangestel. Die Raad vra dat lede asseblief begrip sal toon vir moontlike diensvertragings. Sy is besig om die administrasie weer op datum te bring na onlangse personeelveranderings.

Eksterne ouditeur verseker gesonde finansiële bestuur

Die Raad het ‘n eksterne ouditeur aangestel om te verseker dat alle finansiële transaksies behoorlik gedokumenteer word en jaarliks ‘n volledige oudit van die SABT se finansiële bestuur te doen.